



INLEIDING

Gebeur dit ook met jou wanneer jy TV kyk of in 'n flied sit, dat jy soms wens dat jy een van daardie talentvolle akteurs of sportmanne kan wees? Soms fantaseer jy dat jy die held is in die verhaal wat voor jou op die groot doek afspeel. Dit is jý wat die boewe doodskiet en die gyselaars red; dit is vir jóu wat die vroue bewonder; dit is jóu handtekening en jóu e-posadres wat hulle kom vra. Jy kyk laataand na 'n geselsprogram op TV waar 'n onderhoud met 'n bekende gevoer word. Dan wens jy die land kon so aan jóu lippe hang en jóu mening oor 'n aktuele onderwerp kom vra. Of jy blaai vroegoggend deur die sakedeel van die koerant en lees 'n rubriek oor 'n suksesvolle jong entrepreneur wat pas in die buiteland 'n groot deurbraak met sy IT-program gemaak het. En onwillekeurig dink jy: Dit moet darem lekker wees; ek wil soos hý wees.

Hierdie boekie nooi jou om deur die Bybel te blaai en die verhale van 'n paar spesiale manne te ontdek. Regdeur die Bybel speel mans 'n belangrike rol. Sommige het in 'n verhouding met God gestaan, terwyl ander weer hul rug op Hom gekeer het. Soms het hulle ook met God geworstel. Hulle was egter almal unieke mense met verskillende gawes en elk met sy eie besondere lewensomstandighede. Tog het God met elkeen 'n pad gestap. In hierdie gedeeltes van die Woord ontdek jy dalk ook: Dis ék daardie! Ek is hý! En God stap ook 'n pad met my.

Kom, ontmoet die man in die Bybel.

HY STAAN IN VERHOUDING MET GOD

Die heel belangrikste dimensie van ware manwees is om in verhouding met God te staan. Hy is nie bang om te bely dat hy sy Skepper nodig het nie. As man van God het hy Hom baie lief en staan Hy altyd sentraal in sy lewe.

En jy ontdek: Ek is hy!

Sy lewe verander radikaal ná 'n ontmoeting met Jesus

Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hoofollenaar, 'n ryk man. Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wilde vyboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan."

Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydschap ontvang.

Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!"

Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

(Lukas 19:1-10)

Hy delf in die Woord

Die psalmdigter besing sy liefde vir die Woord van God.

Hoe lief het ek u wet!
Dit bly my elke oomblik by.
U gebooie gee my meer insig
as wat my vyande het,
en is altyd by my.
Ek munt uit bo al my leermeesters,
want u verordeninge bly my by.
Ek het meer insig as ouer mense,
want ek gehoorsaam u bevele.
Ek het my voete
van elke verkeerde pad af gehou
sodat ek gehoorsaam kan wees
aan u woord.
Van u bepalings
het ek nie afgewyk nie,
want U het my dit geleer.
Hoe aangenaam is u woord,
soeter as heuning in die mond.
U bevele gee my insig,
daarom haat ek elke verkeerde pad.

U woord is die lamp
wat my die weg wys,
die lig op my pad.
Ek het 'n eed afgelê,
en daarby sal ek bly,
om my aan u bepalings te hou;
hulle is regverdig.
Ek ly swaar, Here,
hou my in die lewe, soos U beloof het.
Neem tog my dank aan, Here.
Leer my u bepalings.
My lewe is gedurig in gevaar,
maar u wet verontagsaam ek nie.
Die goddeloses stel vir my 'n strik,
maar van u bevele wyk ek nie af nie.
U verordeninge maak ek altyd my eie,
want hulle is vir my 'n vreugde.
Ek lê my daarop toe om u voorskrifte
altyd uit te voer,
tot die einde toe.

Ek haat huigelary,
maar u wet het ek lief.

(Psalm 119:97-113)

Hy bid met oorgawe

Daniël het gereeld bly bid ten spyte van 'n wet wat uitgevaardig is om aanbidning van enigiemand behalwe die koning te verbied.

Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

Daniël se vyande het in sy huis ingestorm en hom daar gekry waar hy sy God aanbid en Hom om genade smeek.

(Daniël 6:11-12)

Hy onderwerp hom aan God se wil vir sy lewe

Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus.

Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou. Hy het egter nie met haar omgang gehad

voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En Josef het Hom Jesus genoem.

(Matteus 1:18-21,24-25)

Hy wy sy lewe aan die Here

(Henog) het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem.

(Genesis 5:24)

Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.

(Hebreërs 11:5)

Tog verstaan hy nie altyd God se handeling nie

Só 'n man in die Bybel was Gideon:

Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"

Maar Gideon het vir die Engel gesê: "Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: 'Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?' Nou het die Here ons in die steek gelaat: Hy het ons oorgegee in die mag van die Midianiete."

(Rigters 6:12-13)

Ten spyte van teëspoed soek hy steeds by God sy krag

Al sou die vyeboom nie bot nie
en daar geen druiwe
aan die wingerde wees nie,
al sou die olyfoes misluk
en die lande geen oes lewer nie,
al sou daar geen kleinvee
in die kampe meer wees nie
en die beeskrale sonder beeste wees,
nogtans sal ek in die Here jubel,
sal ek juig in God, my Redder.

Die Here my God gee vir my krag.
Hy maak my voete soos dié
van 'n ribbok,
op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

(Habakuk 3:17-19a)

Soms twyfel hy

Soms is hy kleingelowig, soos die dissipel Tomas wat gesukkel het om te glo dat Jesus regtig uit die dood opgestaan het.

Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie. Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!"

Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van

die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.”

Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!”

Daarna sê Hy vir Tomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”

En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God!”

Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

(Johannes 20:24-29)

Soms is hy skaam om te sê dat hy Jesus ken

Petrus het buite in die binnehof gesit toe ’n diensmeisie na hom toe kom en sê: “Jy was ook saam met Jesus die Galileër.”

Maar hy het dit voor almal ontken: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”

Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. Daar sien ’n ander diensmeisie hom en sê vir dié wat daar staan: “Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret.”

Weer het Petrus dit ontken en met ’n eed gesê: “Ek ken die man nie!”

’n Rukkie later kom die manne wat daar staan, na Petrus toe en sê: “Dit is waar, jy is ook een van hulle. ’n Mens kan dit aan jou spraak hoor.”

Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Ek ken die man nie!”

En op daardie oomblik het daar ’n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.” En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

(Matteus 26:69-75)

Soms struikel hy ...

In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik optrek om oorlog te maak, het Dawid op ’n keer vir Joab en sy soldate en die hele Israel uitgestuur. Hulle het die Ammoniete verslaan en Rabba beleër, maar Dawid het in Jerusalem agtergebly.

Eendag het hy na sy middagslapie opgestaan en op die dak van die paleis gaan rondstap. Van die dak af het hy ’n vrou sien bad. Sy was ’n baie mooi vrou. Dawid het oor haar laat navraag doen, en iemand het gesê: “Dit is Batseba dogter van Eliam, die vrou van Urija die Hetiet.”

Dawid het toe amptenare gestuur en haar laat haal. Dit was nadat sy haar reinigingsbad geneem het na haar maandstonde. Sy het na hom toe gekom, en hy het by haar geslaap. Daarna is sy terug huis toe.

Die vrou het swanger geword en vir Dawid laat weet: “Ek is swanger.”

(2 Samuel 11:1-5)

Hy kom na die Here toe en ontvang vergifnis

God gee hom ’n kans op ’n nuwe begin, en hy ervaar weer blydschap.

Vir die koorleier. ’n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.

Wees my genadig, o God,
in u troue liefde,
wis my oortredings uit
in u groot barmhartigheid!
Was my skoon van my skuld,
reinig my van my sonde!
Ja, my oortredings ken ek
en van my sonde bly ek altyd bewus.
Teen U alleen het ek gesondig,
ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.
U uitspraak is dus reg
en u oordeel regverdig.
Ek was al skuldig toe ek gebore is,
met sonde belaaï toe my moeder
swanger geword het.

Maar U verwag opregtheid
diep in ’n mens se hart:
laat ek dan diep in my binneste weet
hoe U wil dat ek moet lewe.
Neem tog my sonde weg
dat ek rein kan wees,
was my dat ek witter as sneeu kan wees.
Laat my weer blydschap
en vreugde belewe.
U het my verbrysel;
laat my weer jubel.
Moet tog nie ag slaan
op my sondes nie,
wis al my skuld uit!
Skep vir my ’n rein hart, o God,
vernuwe my gees
en maak my standvastig.
Moet my tog nie van U af wegdryf
en u Heilige Gees
van my af wegneem nie!
Laat my weer die blydschap ervaar
van iemand wat deur U verlos is,
laat my U weer met toewyding dien.
Dan sal ek oortreders leer
wat U van ’n mens verwag;
dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.

Red my van ondergang,
o God, my Redder,
dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.
Here, gee my die woorde
om u lof te verkondig.

’n Offer vra U nie,
anders sou ek dit bring;
’n brandoffer wil U nie hê nie.
Die offer wat U wil hê, o God,
is verootmoediging:
U sal ’n hart vol ootmoed en berou
nie gering ag nie, o God.

(Psalm 51:1-19)

HY STAAN IN VERHOUDING MET ANDER MENSE

Hy leef nie in isolasie nie. Hy leef tussen en saam met ander mense. Elke verhouding waarin hy staan, is uniek en stel spesifieke eise aan hom.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy is 'n man vir sy vrou

Hy en sy vrou is gelyke vennote

Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.

Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie. Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.

Toe sê die mens:

"Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek.

Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem."

Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

(Genesis 2:18-24)

Hy is baie lief vir haar

Isak het vir Rebekka in die tent van Sara, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou. Sy was sy vrou en hy het haar liefgehad. So is Isak vertrous ná sy ma se dood.

(Genesis 24:67)

Jakob was so lief vir Ragel dat hy bereid was om sewe jaar lank vir sy skoonpa Laban te werk om met haar te kan trou.

Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel, en dit was vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad.

(Genesis 29:20)

Sy is vir hom die mooiste vrou

"Soos 'n lelie tussen dorings, so is my liefding tussen die meisies."

(Hooglied 2:2)

Hy bewonder en komplimenteer haar

"Jy is mooi, my liefding,
jy is mooi, jou oë is duiwe."

(Hooglied 1:15)

"Jou voete is so mooi in jou skoene,
edel dogter,
die rondings van jou heupe
is soos juwele
wat deur kunstenaarshande
gemaak is.
Jou naeltjie is 'n ronde kom
waarin die kruiewyn nie ontbreek nie.
Jou maag is 'n hoop koring
met lelies omring.
Jou twee borste is soos takboklammers,
soos die tweeling van 'n ribbok.
Jou nek is soos 'n toring van ivoor,
jou oë soos die damme by Gesbon,
by die poort van dié groot stad.
Jou neus is soos die toring op Libanon
wat na Damaskus toe kyk.
Jou kop is soos die Karmel,
jou hare soos rooi wol,
jou haarlokke bekoor die koning."

(Hooglied 7:1-5)

Hy geniet intimiteit met sy vrou

"Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste,
met soveel wat geniet kan word.
Jou slanke gestalte is
soos 'n palmboom,
jou borste soos druiwetrosse.
Ek dink ek gaan
teen die palmboom opklim
en sy trosse blomme gryp."

(Hooglied 7:6-8a)

Hy en sy vrou vervul mekaar se seksuele behoeftes

Weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man. Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man. Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.

(1 Korintiërs 7:2-5)

Hy is getrou aan haar

Christus se selfopofferende liefde en trou aan sy kerk is vir hom 'n voorbeeld wat hy in sy huwelik nastreef.

Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Intendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met

sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

Daar staan in die Skrif: “Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” Hierin lê daar ’n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet.

(Efesiërs 5:25,28-33a)

Hy is ’n pa vir sy kinders

Hy en sy gesin dien die Here

Toe Elkana en sy hele gesin gaan om die jaarlikse offer aan die Here te bring en sy gelofte te betaal, het Hanna nie saamgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: “Wanneer die seun gespeen is, sal ek hom wegbring dat hy voor die Here verskyn en altyd daar bly.”

(1 Samuel 1:21-22)

Hy praat elke dag met sy kinders oor die Here

“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

“Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet ’n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.”

(Deuteronomium 6:4-9)

Hy begeer dat sy kinders aan God getrou sal bly

Job was baie besorg oor sy kinders se verhouding met God.

Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. Ná so ’n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal ’n brandoffer gebring, “want,” het Job gesê: “miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.”

Job het dit elke keer gedoen.

(Job 1:4-5)

Hy leer sy kinders om op God te vertrou

Net hulle wat nog lewe, kan U loof,
so doen ek dit vandag.
Vaders sal hulle kinders
van u trou vertel.

(Jesaja 38:19)

Hy hanteer sy kinders met wysheid

En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

(Efesiërs 6:4)

Hy leer sy kinders om gehoorsaam te wees

My seun, jy moet luister
na die onderrig
wat jou vader jou gee;
moenie wat jou moeder jou leer,
verontagsaam nie:
dit sal jou lewe versier
soos ’n krans jou kop
en ’n kettinkie jou hals.

(Spreek 1:8-9)

Hy aanvaar sy kinders vir wie hulle is

Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.

(Kolossense 3:21)

Al doen sy kinders verkeerd en maak dit diep seer, bly hy lief vir hulle

Uit wraaksug het Absalom sy halfbroer Amnon vermoor. Koning Dawid, hulle pa, was platgeslaan toe hy dit hoor.

Terwyl hulle nog op pad terug was, het die volgende gerug Dawid bereik: “Absalom het al die koningseuns doodgemaak. Daar het nie ’n enkele oorgebly nie.”

Die koning het van sy troon afgeklim, sy klere geskeur en op die grond gaan lê. Al sy onderdane het ook hulle klere geskeur en by hom kom staan.

Maar Jonadab seun van Dawid se broer Samma het gesê: “U moet tog nie dink hulle het al die jongmanne, die koning se seuns, doodgemaak nie. Net Amnon is dood. Waarlik, daar was moord in Absalom se oë vandat Amnon sy suster Tamar onteer het.

“Die koning moet nou nie die gerug dat al sy seuns dood is, ernstig opneem nie: net Amnon is dood.”

Absalom het weggevlug.

(2 Samuel 13:30-34a)

Ten spyte van die hartseer wat sy seun Absalom hom aangedoen het, was Dawid steeds lief vir hom.

Joab seun van Seruja het agtergekom dat die koning na Absalom verlang.

(2 Samuel 14:1)

Die koning het vir Joab, Abisai en Ittai beveel: “Werk om my ontwil tog saggies met my kind Absalom.”

Al die manskappe het die bevel oor Absalom gehoor toe die koning dit aan die offisiere gegee het.

(2 Samuel 18:5)

Soms faal hy in die opvoeding van sy kinders

Die priester Eli se seuns het hulle posisie as priesters op verskeie maniere vir eie gewin misbruik. Al hulle pa se vermanings het op dowe ore geval.

Eli was al baie oud. En wanneer hy alles hoor wat sy seuns aan al die Israeliete doen en dat hulle by die vrouens slaap wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting, sê hy vir hulle: “Waarom doen julle sulke dinge dat ek aanhoudend by die hele volk moet hoor van julle slegte dade? Ag nee, my seuns, die gerugte wat ek verneem, is nie goed nie. Julle verlei die volk van die Here. Wanneer een mens teen ’n ander

mens verkeerd optree, sal die regters die saak uitmaak, maar as 'n mens teen die Here sondig, wie sal dan die saak uitmaak?"

Hulle het egter nie na hulle pa se vermaning geluister nie.

(1 Samuel 2:22-25a)

Hy is 'n skoonpa

Hy stel belang in die lewe van sy skoonseun en gee goeie raad.

Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het. Jetro was bly om te hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte se mag bevry het.

(Eksodus 18:8-9)

“Luister nou na my raad en mag God jou bystaan! Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en alle sake voor Hom bring.”

(Eksodus 18:19)

Tog laat hy sy skoonseun toe om sy eie lewe te lei en het 'n goeie verhouding met hom.

Daarna het Moses na sy skoonpa Jetro toe teruggegaan en vir hom gesê: “Ek wil graag teruggaan na my mense toe in Egipte om te sien hoe dit met hulle gaan.”

Jetro antwoord hom: “Gaan gerus.”

(Eksodus 4:18)

Hy is 'n skoonseun

Hy respekteer sy skoonpa en het 'n goeie verhouding met hom.

Jetro, Moses se skoonpa, het met Moses se seuns en sy vrou na hom toe gegaan waar hy in die woestyn by die berg van God kamp opgeslaan het. Jetro het toe vir Moses laat weet: “Ek is jou skoonpa Jetro. Ek kom na jou toe met jou vrou en jou twee seuns.”

Moses het toe sy skoonpa gaan ontmoet en voor hom gebuig en hom met 'n soen gegroet. Nadat hulle vir mekaar gevra het hoe dit gaan, het hulle in Moses se tent ingegaan. Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het. Jetro was bly om te hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte se mag bevry het.

Toe het Jetro gesê: “Aan die Here kom die lof toe! Dit is Hy wat julle bevry het uit die mag van Egipte en die farao. Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god, want toe die Egiptenaars vermetel teen die volk van die Here opgetree het, het Hy hulle uit Egipte se mag bevry.”

(Eksodus 18:5-11)

Hy is 'n getroue vriend

Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken;
jou broer is daar met die oog op jou nood.

(Spreuke 17:17)

Hy bid vir sy vriende

Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: “Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie.”

Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naamatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor. Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het.

(Job 42:7-10)

Hy het 'n positiewe invloed op sy vriende

Yster slyp yster,
vriende vorm mekaar.

(Spreuke 27:17)

Hy is geskei

Alhoewel verskillende dinge mense van mekaar kan skei, is daar niks wat ons van God se liefde kan skei nie:

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Wie kan ons van die liefde van Christus skei?

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

(Romeine 8:33-35a, 38-39)

HY STAAN IN VERHOUDING MET HOMSELF

Hy is elke dag bewus van sy fisieke sowel as sy geestelike behoeftes. Hy besef dat God in sy totale menswees belangstel.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy besef dat hy as beeld van God geskep is

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

(Genesis 1:27)

Hy streef daarna om God se beeld uit te dra

Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

(Kolossense 3:7-10)

Hy pas sy liggaam op

Hy besef dat sy liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is en gebruik dit tot eer van God.

Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

(1 Korintiërs 6:18-20)

Hy weet dat hy spesiaal is vir God

Luister, so sê die Here
 wat jou geskep het, Jakob,
 wat jou gevorm het, Israel:
 Moenie bang wees nie, Ek verlos jou,
 Ek het jou op jou naam geroep,
 jy is Myne.
 As jy deur water moet gaan,
 is Ek by jou,
 deur riviere,
 hulle sal jou nie wegspoel nie;
 as jy deur vuur moet gaan,
 sal dit jou nie skroei nie,

die vlamme sal jou nie brand nie,
 want Ek is die Here jou God,
 die Heilige van Israel, jou Redder.

(Jesaja 43:1-3a)

Hy weet die Here het 'n spesiale doel met hom

God het die profeet Jeremia verseker van die unieke doel van sy lewe:

Die woord van die Here het tot my gekom:

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

“Ag, Here my God,”
 het ek geantwoord,
 “ek kan nie goed praat nie,
 ek is nog te jonk.”

Toe sê die Here vir my:

Jy moenie sê: “Ek is te jonk” nie.
 Jy moet gaan na wie toe
 Ek jou ook al stuur,
 en alles wat Ek jou beveel om te sê,
 moet jy sê.
 Moenie vir hulle bang wees nie,
 want Ek is by jou,
 Ek sal jou red.

Dit is wat die Here gesê het.

(Jeremia 1:4-8)

Hy is seker van sy doel

Sy doel is om God met sy hele lewe te verheerlik.

Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.

(1 Korintiërs 9:24-27)

HY HET GEVOELENS

Al is hy 'n man, het hy ook emosies. Emosies is onlosmaaklik deel van sy manwees. Hy beleef die vreugde van die lewe intens. Hy ervaar egter soms ook negatiewe emosies soos hartseer, neerslagtigheid of minderwaardigheid.

En jy ontdek: Ek is hy!

God se Woord ontroer hom

Nehemia die goewerneur, die skrifgeleerde priester Esra en die Leviete wat die gemeente onderrig het, het vir die hele gemeente gesê: "Hierdie dag word gewy aan die Here julle God. Moenie treurig wees nie, moenie huil nie." Dit was omdat die hele gemeente gehuil het by die aanhoor van die wet.

(Nehemia 8:10)

Sy hart loop oor van lof

Ná die wonderlike gebeurtenisse rondom die geboorte van Johannes die Doper, het sy pa Sagaria God geloof en gesê:

"Lofwaardig is die Here,
die God van Israel,
want Hy het sy volk in genade
opgesoek
en vir hulle verlossing bewerk.
'n Sterk Verlosser het Hy
vir ons laat opstaan
uit die huis van sy dienaar Dawid.
So het die Here dit reeds
van oudsher belowe
deur die mond van sy
heilige profete:
om ons te verlos van ons vyande
en uit die hand van al ons haters;
om Hom te ontferm
oor ons voorvaders
en sy heilige verbond te onthou.
Met 'n eed het Hy dit bevestig
aan ons voorvader Abraham
dat Hy sou gee dat ons,
gered uit die hand van vyande,
Hom onbevrees kan dien
in vroomheid en opregtheid
al die dae van ons lewe."

(Lukas 1:68-75)

Hy voel bitter teleurgesteld in homself

Petrus het tydens Jesus se verhoor uit vrees voorgegee dat hy Jesus nie ken nie. Toe hy met sy verraad gekonfronteer word, was hy bitter teleurgesteld in homself.

En op daardie oomblik het daar 'n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: "Voordat die haan

kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

(Matteus 26:75)

Soms voel hy minderwaardig

By tye voel dit asof hy vir niks deug nie en niks in die lewe verdien nie. Mefiboset, wat kreupel was as gevolg van 'n ongeluk toe hy klein was, het so gevoel.

Toe Mefiboset seun van Saul se seun Jonatan by Dawid kom, het hy op sy knieë geval voor Dawid en gebuig.

"Mefiboset?" vra Dawid.

"Ek is u onderdaan," antwoord hy.

Dawid sê vir hom: "Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet."

Hy het weer voor Dawid gebuig en gesê: "Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie hond soos ek?"

(2 Samuel 9:6-8)

Tog beseef hy hy hoef nie minderwaardig te voel nie.

U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
Ek wil U loof,
want U het my
op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker:
geen been van my was vir U verborge
toe ek gevorm is
waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is
diep in die moederskoot.
U het my al gesien
toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek
opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.
Hoe wonderlik is u gedagtes vir my,
o God,
hoe magtig hulle almal!

(Psalm 139:13-17)

Hy voel weerloos

Soms gebeur daar dinge waaraan hy niks kan verander nie, soos die dood van 'n geliefde. So is koning Dawid oorweldig deur droefheid toe hy die nuus van sy opstandige seun Absalom se dood ontvang.

"Gaan dit goed met my kind Absalom?" vra die koning, en die Kussiet antwoord: "Mag dit met die vyande van die koning en almal wat teen u in opstand kom en u ondergang wil bewerk, gaan soos met daardie kind."

Die koning het ontroerd geraak en in trane na die kamer bokant die poort opgeklim. Daar het hy heen en weer geloop en gesê: "My seun, Absalom, my seun, my

seun. Absalom, ag, as ek maar in jou plek kon gesterwe het. Absalom, my seun, my seun.”

Daar is aan Joab vertel: “Kan jy dit glo? Die koning huil en treur oor Absalom!”

So het die oorwinningsdag ’n dag van trane geword vir al die manskappe, want hulle het gehoor dat die koning bedroef is oor sy seun. Op dié dag het die manskappe die stad binnegesluip, soos wanneer hulle beskaamd insluip as hulle uit ’n geveg weggehardloop het.

Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: “My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!”

(2 Samuel 18:32-19:4)

Hy ervaar die pyn van swaarkry

In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: “So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie.”

Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: “Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.”

Hiskia het bitterlik gehuil.

Die Here het toe vir Jesaja gesê: “Gaan sê vir Hiskia: So sê die Here die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm.”

(Jesaja 38:1-6)

Hy voel bitter oor wat met hom gebeur

Toe Dawid en sy manne in die dorp kom, was dit afgebrand en hulle vrouens, seuns en dogters was as gevangenes weggevoer. Dawid en sy manne het hard gehuil totdat hulle nie meer kon huil nie. Die twee vrouens van Dawid, Aginoam uit Jisreël, en Abigajil die weduwee van Nabal die Karmeliet, was ook as gevangenes weggevoer. Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi. Almal was verbitterd, elkeen oor sy seuns en dogters, en toe het Dawid hulp gevra by die Here sy God.

(1 Samuel 30:3-6)

HY WERK

Hy is ’n man met baie verantwoordelikhede. Hy het verpligtige by die werk én by die huis: Hy spandeer baie tyd en energie daaraan om sy loopbaan te bou en dan doen hy ook sy deel in en om die huis.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy beseft dat God hom die opdrag gee om te werk

Die Here God het toe ’n tuin in Eden in die ooste aangewel en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon. Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.

Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.

(Genesis 2:8-9,15)

God dra dit ook aan hom op om na die skepping te kyk.

Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

(Genesis 1:28)

Hy erken dat werk ’n voorreg is

Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit ’n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?

(Prediker 2:24-25)

Hy weet dat God van hom verwag om hard te werk

Ons beveel julle, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus: Onttrek julle aan elke broer wat leegglê en hom nie hou aan die opdragte wat julle van ons ontvang het nie.

Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg. Ons het nie daar by julle leegglê of op ander geteer nie. Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle ’n las te wees nie. Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, maar ons wou vir julle ’n voorbeeld wees wat julle moet volg. Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.”

Ons sê dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leegglê, wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei. Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk moet bepaal en hulle eie brood verdien.

(2 Tesselonisenise 3:6-12)

Sy program is uiters druk en hy moet leer om te deleger

Toe Moses die volgende dag gaan sit om hofsake te verhoor, het daar van die oggend af tot die aand toe mense vir hom gestaan en wag. Maar toe sy skoonpa sien wat Moses alles vir die volk doen, het hy gesê: “Waarom doen jy die volk dit aan? Waarom tree net jy op as regter, en al die mense moet van die môre af tot die aand toe vir jou staan en wag?”

Moses het sy skoonpa geantwoord: “Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra. As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend.”

Maar Moses se skoonpa sê vir hom: “Jy maak nie reg nie. Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen behartig nie. Luister nou na my raad en mag God jou bystaan! Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en alle sake voor Hom bring. Druk die volk die voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat hulle moet loop en wat hulle moet doen. Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na jôu verwys word, en die geringes moet hulle oplos. Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra. As God jou beveel om dit so te doen, sal jy met die werk kan aanhou, en al hierdie mense sal dan tevrede huis toe gaan.”

Moses het na sy skoonpa geluister en gedoen wat hy gesê het. Moses het bekwame manne uit Israel gekies en hulle aangestel as hoofde oor die volk: leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. Hulle het deurentyd hofsittings gehou. Die belangrike sake is na Moses verwys, en die geringes is deur die leiers verhoor.

(Eksodus 18:13-26)

Soms is daar spanning by die werk

’n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: “Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het.”

Barnabas wou vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamneem. Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie. Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met ’n skip na Siprus toe vertrek. Paulus het vir Silas gekies en vertrek, nadat hulle deur die gelowiges aan die genade van die Here toevertrou is.

(Handelinge 15:36-40)

Hy gee aan God al die eer vir sy sukses

Nadat God die Israëliete droogvoets deur die Rietsee gelei en die Egiptiese weermag in die see vernietig het, het hulle Hom geprys.

Toe het Moses en die Israëliete die volgende lied tot eer van die Here gesing:

“Ek wil tot eer van die Here sing
omdat Hy hoog verhewe is.
Perd en strydwa
het Hy in die see geslinger.
Die Here is my krag
en my beskerming.
Hy het tot my redding gekom.
Hy is my God, Hom roem ek,
die God van my voorvaders,
Hom prys ek.
Die Here is oorwinnaar in die stryd,
sy Naam is ‘die Here!’”

(Eksodus 15:1-3)

Hy bly getrou aan God se beginsels

Hy laat nie toe dat sukses na sy kop toe gaan nie. Wanneer versoeking aan sy deur kom klop, twyfel hy nie oor wat hom te doen staan nie - hy staan onwrikbaar by wat God van hom verwag.

Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld. Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom aan niks gesteur nie, behalwe aan sy kos.

Josef was fris gebou en mooi. Na sy bevordering in sy eienaar se huis het dié se vrou na Josef gekyk en vir hom gesê: “Kom slaap by my.”

Maar hy wou nie en hy het vir sy eienaar se vrou gesê: “Meneer steur hom aan niks vandat ek hier is nie. Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas. Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so ’n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!”

Sy het dag vir dag by Josef aangehou, maar hy het bly weier om by haar te gaan slaap.

(Genesis 39:3-10)

HY MAAK 'N VERSKIL

Hy is 'n man wat 'n bydrae in die samelewing wil lewer. Hy is nie bang om te waag nie. Hy laat sy stem hoor, en sodoende maak hy die wêreld 'n beter plek. Hy het God se roeping vir sy lewe ontdek en leef dit van harte uit.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy het die moed om iets tot voordeel van sy gemeenskap te doen

Dit was in die maand Nisan, die twintigste jaar van koning Artasasta. Die wyn was voor hom, en ek moes dit optel en aan hom gee. Ek was nooit bedruk voor hom nie, maar dié dag sê die koning vir my: "Hoekom lyk jy so bedruk? Is jy dalk siek? Nie? Hartseer dan?"

Ek was baie bang, maar ek het vir die koning gesê: "Mag die koning baie lank lewe! Hoe sal ek dan nie bedruk lyk as die stad waar my voorvaders begrawe is, in puin lê en sy poorte verbrand is nie?"

Toe sê die koning vir my: "Is daar iets wat jy my wil vra?"

Ek het 'n skietgebed opgestuur na die God van die hemel en toe vir die koning gesê: "As die koning dit goeie vind, as u dienaar op u goedgesindheid mag reken, stuur my na Juda toe, na die stad waar my voorvaders begrawe is, sodat ek die stad kan herbou."

Die koningin het langs die koning gesit. Hy het vir my gevra: "Hoe lank sal jou reis duur en wanneer sal jy terug wees?"

Hy was die saak dus goedgesind, hy het my die opdrag gegee.

(Nehemia 2:1-6a)

Hy staan op vir dit wat reg is

Hy het ruggraat en is nie bang om standpunt in te neem nie, selfs teenoor sy meerderes. Al moet hy die opinies van ander teëgaan, bly hy steeds hoflik. Daniël, 'n banneling aan die hof van die Babiloniese koning, het by God se voorskrifte bly staan, selfs teen die koning se bevel in.

Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte, beveel om uit die Israëliete jongmanne na die paleis toe te bring, uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense. Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen. Hulle moes onderrig word in die Galdeërs se skrif en taal. Die koning het bepaal dat hulle 'n daaglikse porsie van sy kos en wyn moet ontvang en dat hulle drie jaar lank opgelei moet word. Daarna moet hulle in diens van die koning tree. Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja, maar die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander name gegee: Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego.

Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die

hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.

(Daniël 1:3-8)

Hy styg bo onreg uit

Hy is vergewensgesind. Stefanus, die eerste Christenmartelaar, is deur die Jode gestenig omdat hy onbevrees die evangelie bly verkondig het. Met sy laaste woorde het hy nog by God gepleit om vergifnis vir sy moordenaars.

Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners. Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan.

"Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan."

Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!"

Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!"

Met hierdie woorde het hy gesterwe.

(Handelinge 7:54-60)

Hy neem ook nie wraak nie. Koning Saul wou die jong Dawid sonder rede doodmaak. Op 'n dag het Dawid 'n gulde geleentheid gehad om van Saul ontslae te raak. Saul het alleen in 'n grot ingegaan. Vanuit sy wegkruipplek agter in die donker grot kon Dawid die niksvermoedende Saul maklik om die lewe bring. In plaas daarvan om hom op sy vyand te wreek, het hy egter ongemerk die punt van Saul se mantel afgesny om sodoende sy eie onskuld te bewys. Later het hy vir Saul hiermee gekonfronteer:

"Waarom luister u na die praatjies van mense wat sê Dawid soek u ondergang? U sien vandag met u eie oë dat die Here u nou in die grot in my hand gegee het en as 't ware vir my gesê het om u dood te maak. Maar ek het u gespaar en gesê: 'Ek sal my hand nie teen my koning ophang nie, want hy is die gesalfde van die Here.' My vader, kyk tog, kyk na die punt van u mantel in my hand. Deurdat ek die punt van u mantel afgesny het, maar u nie doodgemaak het nie, kan u weet en sien dat daar geen kwaadwilligheid of opstandigheid by my is nie. Ek het nie teen u in opstand gekom nie, selfs al agtervolg u my om my lewe te neem. Die Here sal regsprek tussen my en u en die Here sal my wreek op u, maar ek sal nie teen u wees nie. Soos die spreekwoord van die voorgeslag lui:

"'Boosheid gaan uit van die boosdoeners,'

"maar ek sal nie teen u wees nie. Agter wie aan het die koning van Israel opgetrek? Agter wie kom u aan? Agter 'n dooie hond aan; agter een enkele vlooi aan!

Die Here sal regter wees en Hy sal regsprek tussen ons. Hy sal sorg en my saak behartig en aan my reg verskaf teenoor u.”

(1 Samuel 24:10b-16)

HY IS 'N GEESTELIKE LEIER

Hy is bereid om geestelik leiding te neem wanneer dit van hom verwag word. Hy is nie noodwendig 'n predikant nie, maar hy hoor as God hom roep om te getuig, om diegene wat in geestelike nood verkeer, te help, en om mense na Hom terug te lei. Hy luister na God en hy doen sy deel in die gemeente.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy is bereid om na vore te tree wanneer die Here hom roep

Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. Toe sê God vir Noag: “Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.

“Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet vertrekke in die ark maak en dit binne en buite met pik dig maak.”

Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.

(Genesis 6:11-14,22)

Hy moedig jonger mense aan om hulle geloof te behou

Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop.

Aan Timoteus, my eie kind in die geloof.

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!

Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry. Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely. Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.

(1 Timoteus 1:1-2,18-20)

Hy neem standpunt in oor geestelike sake

Die apostel Paulus het hom sterk uitgespreek teen die geveinsdheid van sommige gelowiges wat van die waarheid van die evangelie begin afdwaal het.

Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep.

Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: “Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?”

(Galasiërs 2:11-14)

Hy rus ander toe met die waarheid van die Evangelie

Intussen het daar 'n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif. Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes. Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak.

(Handelinge 18:24-26)

Hy en sy gesin stel 'n goeie voorbeeld van toewyding aan God

“Beton dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het, en dien die Here. Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”

(Josua 24:14-15)

Hy volg die Here end-uit

Naby die einde van sy lewe kon die apostel Paulus skryf:

Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.

(2 Timoteus 4:6-8)

Hy laat 'n geestelike erfenis na

Maar jy (Timoteus) het my (Paulus) nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, in vervolging en ontbering soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered. Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolgt word. Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei.

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.

(2 Timoteus 3:10-15)

HY KRY SOMS SWAAR

Hy beleef dat alles in die lewe nie altyd glad verloop nie. Hy kry seer as daar slegte dinge oor sy pad kom, soms as gevolg van sy eie verkeerde keuses. Maar daar is ook dinge waarvoor hy geen beheer het nie en wat seermaak. Soms sukkel hy om homself los te maak van sy verlede, maar ander kere kry hy dit tog reg om met God oor sy swaarkry te praat en sy pyn te konfronteer. Dan besef hy dat hy, ten spyte van sy verlede, nuut kan begin.

En jy ontdek: Ek is hy!

Al dien hy God, gebeur daar soms slegte dinge met hom

En eendag, toe Job se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis, kom 'n boodskapper by Job met die nuus: "Die osse was aan die ploeg, en die donkies het langsaan gewei. Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekome om dit vir u te vertel."

Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: "Weerlig het die kleinvee en hulle wagtters doodgeslaan en verbrand. Net ek het weggekome om dit vir u te vertel."

Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: "Drie groepe Galdeërs het die kamele geroof en is daarmee weg nadat hulle die slawe doodgemaak het. Net ek het weggekome om dit vir u te vertel."

Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: "U seuns en dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer. Meteens het daar 'n sterk wind van die woestyn se kant af opgekome en die huis van al vier kante af op u kinders omgewaai. Almal is dood. Net ek het weggekome om dit vir u te vertel."

Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê:

"Sonder iets het ek
in die wêreld gekom
en sonder iets gaan ek daaruit.
Die Here het gegee
en die Here het geneem.
Prys die Naam van die Here."

Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwynt nie.

(Job 1:13-22)

Hy ly aan 'n ongeneeslike siekte

In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie."

(2 Konings 20:1)

Hy neem egter sy pyn na die Here toe.

Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: "Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë."

Hiskia het bitterlik gehuil.

(2 Konings 20:2-3)

Hy kry swaar omdat sy kind die verkeerde keuses maak

Isak en Rebekka was baie ongelukkig oor die twee vroue waarmee hulle seun Esau getrou het.

Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, 'n Hetiet, en met Basemat dogter van Elon, 'n Hetiet. Hulle het baie kommer in Isak en Rebekka se lewe gebring.

(Genesis 26:34-35)

Sy verlede spook by hom

Moses het uit die paleis gegaan en gesien hoe swaar sy mense onder die Egiptenare kry. Op 'n dag het hy op 'n Egiptenaar afgekome wat een van sy mense slaan. In 'n onbesonne oomblik het Moses die Egiptenaar doodgeslaan en skelm begrawe.

Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreëuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het.

"Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?"

Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword.

Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon.

(Eksodus 2:13-15)

Daar is swakhede in sy lewe

Hierdie swakhede veroorsaak pyn, maar hy beveg dit met die genade van God.

Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

(2 Korintiërs 12:7b-10)

Soms voel hy eensaam en uitgelewer

My God, my God,
waarom het U my verlaat
en bly U ver as ek om hulp roep?
My God, ek roep bedags
en U antwoord nie,
ook snags, maar ek kry geen rus nie.
U is tog die Heilige
wat woon waar die lofsange van Israel
weerklink!

Moet tog nie so ver van my af weg
bly nie,
want die nood is naby
en daar is niemand wat help nie.
'n Wreeddaardige klomp mense
het my omsingel,
soos beeste uit Basan
staan hulle my toe.
Soos verskeurende, brullende leeus
storm hulle met oop bekke
op my af.

Ek is soos uitgestorte water,
al my bene het uitmekaar geval,
my hart het soos was geword,
dit smelt weg in my.
Ek is so min werd soos 'n potskerf,
my tong kleef aan my verhemelte,
U laat lê my asof ek dood is.

(Psalms 22:2-4,12-16)

Tog glo hy vas dat God hom weer sal help

Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm,
slaap nooit nie.
Waarlik, die Beskermer van Israel
sluimer nie in nie
en Hy slaap nie.
Die Here beskerm jou,
die Here bewaar jou van alle gevare.

Bedags sal die son jou nie steek nie
en snags sal die maan
jou nie kwaad doen nie.
Die Here sal jou beskerm
teen alle gevaar,
jou lewe sal Hy beskerm.
Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,
nou en vir altyd.

(Psalms 121:1-8)

Hy weet hy kan nuut begin ten spyte van sy verlede

Ten spyte van die feit dat hy die Kerk van Jesus Christus hewig vervolg het, het die Here Paulus tot 'n nuwe lewe geroep. Hy kon met vrymoedigheid hiervan getuig teenoor koning Agrippa:

"Terwyl ek hieroor na Damaskus toe op reis was, met volmag en in opdrag van die priesterhoofde, het ek, U Majesteit, helder oordag langs die pad 'n lig gesien wat uit die hemel gekom het. Dit was helderder as die son en dit het op my en my reisgenote geskyn. Ons het almal op die grond neergeval, en ek het 'n stem in Hebreeus vir my hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Jy maak jou net seer deur jou te verset.' 'Wie is U, Here?' vra ek toe. 'Ek is Jesus,' sê die Here. 'Dit is vir My wat jy vervolg. Maar staan op, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien. Ek sal jou beskerm teen die volk Israel en teen die heidennasies na wie toe Ek jou stuur. Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.'

"Van toe af, koning Agrippa, was ek nie aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam nie."

(Handelinge 26:12-19)

Hy weet dat God ook in swarkry by hom is

Selfs toe Josef vals beskuldig en in die tronk gegooi is, het hy ervaar dat God by hom is.

Toe Josef se eienaar by sy vrou hoor wat sy slaaf alles aan haar gedoen het, was hy kwaad, en het hy vir Josef gevat en in die tronk gegooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou is.

Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het. Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag.

(Genesis 39:19-23)

Al kry hy swaar, weet hy dat God 'n groter plan vir sy lewe het

Ten spyte van die onreg wat Josef se broers hom aangedoen het, kon hy later terugkyk en God se hand in sy lewe raaksien.

Toe sê Josef vir sy broers: “Ek is Josef. Leef Pa werklik nog?”

Sy broers kon hom nie antwoord nie, hulle was te bang vir hom. Maar hy het vir hulle gesê: “Kom na my toe!” en toe hulle nader kom, sê hy: “Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgever en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte.”

(Genesis 45:3-8)

Hy loof God ten spyte van sy swaarkry

Paulus en Silas moes ly omdat hulle die evangelie van Jesus Christus verkondig het.

Die skare het ook teen hulle gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry. Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak. Op hierdie bevel het hy hulle in die binneste sel opgesluit en hulle voete in die houtblok vasgeklem.

Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister.

(Handelinge 16:22-25)

HY LEEF IN HOOP

Te midde van die onsekerheid en stryd van die lewe hou hy vas aan die hoop wat God hom bied. Hy kan verby sy omstandighede kyk en positief bly omdat hy weet dat hy in lewe en dood aan Christus behoort en daarom 'n toekoms het.

En jy ontdek: Ek is hy!

Hy weet dat hy met God die toekoms kan instap

Al is die toekoms onbekend en soms selfs intimiderend, ken hy die God wat die toekoms in sy hand hou. Waar sy lewenspad ook al heen lei, hy weet dat God daar sal wees.

Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê waar die hele Israel dit kon hoor: “Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met hierdie volk in die land in wat die Here met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem. Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie.”

(Deuteronomium 31:7-8)

Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, want hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.

(Hebreeërs 11:8-10)

Hy sien God op die mees onverwagse plekke in sy lewe raak

Onseker van wat die toekoms inhou, was Jakob op pad na sy ma se familie in 'n vreemde land. Een nag het God aan hom verskyn waar hy langs die pad gelê en slaap het.

Toe kom staan die Here by Jakob en sê: “Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee. Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”

Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.”

Jakob het bang geword en gesê: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.”

(Genesis 28:13-17)

